# DIE NOOD in ons wêreld

## *Mense om die uitdagings te hanteer*

Eddie Orsmond
Dr Eddie Orsmond is predikant by die NG gemeente Simondium.

Van die insiggewendste rubrieke in koerante, dagblaaie en tydskrifte, is dié waarin poste geadverteer word vir vakatures in ondernemings. Advertensies vir loopbaangeleenthede vertel van verskuiwings en tendense in die werkomgewing. Die poste wat geadverteer word, spesifieke taakbeskrywings en vereiste vaardighede vir suksesvolle aansoeke, beklemtoon die konkrete behoeftes van ons tyd. Advertensies vir werksgeleenthede toon aan of werksoekers se vaardighede en kwalisfikasies toepaslik is, asook dat sekere sosiale en ekonomiese werklikhede nou belangriker is as ander.

**Die kerklike leierskap is sekerlik bewus van die behoefte aan die "nuwe" kategorie funksionaris.**

'n Interessante tendens die afgelope tyd in loopbaan rubrieke, is 'n "nuwe" kategorie funksionaris op die terrein van kerklike en maatskaplike dienswerk. Daar verskyn daagliks advertensies vir geskikte persone om `n bepaalde sosiale of maatskaplike projek te bestuur of koördineer, of om as skakelpersoon te funksioneer. 'n Trust in 'n Bolandse dorp soek byvoorbeeld 'n persoon wat as Maatskaplike Werker gekwalifiseer is, vir skakelwerk tussen organisasies wat by armoedeverligting betrokke is. 'n Organsisasie wat vinnig uitbrei in die Kaapse noordelike voorstede soek weer `n bekwame persoon om HIV/Vigs projekte te bestuur en koördineer. Daar is talle sulke voorbeelde, gestimuleer deur groot uitdagings van ons tyd; armoede en werkloosheid, HIV/Vigs, misdaad, geweld, rassisme, seksuele misdrywe en familie krisisse.

'n Toenemende bewussyn ontwikkel, naamlik dat die noodsituasie alleen deur gesamentlike pogings van belanghebbendes aangepak kan word. Om egter 'n gekoördineerde aanslag op die nood te maak, is 'n nuwe soort organisasie klaarblyklik nodig. Daarvoor word nuwe funksionarisse met spesifieke vaardighede gevra: kommunikasie, skakeling en openbare betrekkinge, bestuur en selfs ook fondswerwing.

Hierdie tendens stimuleer opwinding en hoop. Dit dui op `n groeiende sosiale bewussyn en sosiale betrokkenheid, groter doelgerigtheid met sosiale projekte, asook die deurbreking van bestaande strukture met die oog op samewerking om noodverligting in ons omgewing en land. Die behoefte aan hierdie kategorie funksionaris op die terrein van maatskaplike dienswerk en noodverligting, openbaar egter tekortkominge in bestaande strukture, asook swak ontwikkelde netwerke tussen organisasies. Kerke ontdek dat hul strukture en fokus nie funksioneel is vir samewerking nie.

Die kerklike leierskap is sekerlik bewus van die behoefte aan die "nuwe" kategorie funksionaris. Met die oog op toekomstige opleiding en toerusting van godsdienstige en maatskaplike dienswerkers, asook voornemende predikante, moet die vereiste vaardighede vir dié funksionaris iewers in leerplanne aandag kry. Hopelik is dit reeds die geval. Die vraag is nou: Watter organisatoriese tekorte in bestaande kerklike praktyk, word deur die uitdaging tot samewerking blootgelê?

Een van die gonswoorde van ons dag is die woord "netwerk". Almal wil netwerke vorm om `n gemeenskaplike saak te dien. Elke organisasie en kerk wat by sosiale projekte betrokke is, wil ook nog `n koördinerende funksie vervul. Wat mense bedoel wanneer hulle van netwerk en koördinering praat, is `n gesprek vir later. Die werklikheid is egter dat gemeentes, in die besonder die NG Kerk (waarvan ek predikant is) en die VG Kerk, nie `n goeie geskiedenis het van samewerking met ander organisasies en groepe nie.

Die indruk bestaan dat gemeentes so besig is met eie strategiese beplanning en projekte, dat samewerking met ander groepe, gemeentes en kerke, nie op die agenda kom nie, of telkens verder afgeskuif word. Die meeste gemeentes het nie surplus energie, tyd en mense, om nog saam met ander aan strukture en projekte te bou nie. Die samewerking, of gebrek daaraan, tussen ringsgemeentes, bewys reeds dat gemeentes moeilik buite eie raamwerke kan of dalk wil, funksioneer. Om met ander saam te werk, is dikwels net té veel. Dié ervaring het blykbaar te doen met mense se plaaslike of lokale fokus. Ons leef binne eng afgebakende gemeenskappe.



Waar gesamentlike projekte wel aangepak word, worstel deelnemers lank om strukture en organisasie te skep. Eie strukture en werkwyses, maak dit klaarblyklik moeilik om sinvol in ander strukture te funksioneer. Die noodsituasie daag kerke uit om gevestigde strukture aan te pas en individue om meer buigsaam te wees. Dit vra `n besef dat dinge ook op ander wyses gedoen kan word, dat ander organisasies ook vaardighede en ervaring het. Die "nuwe" kategorie funksionaris moet dus tussen strukture en organisasie kultuur kan beweeg. Dit vra `n mens wat die fokus behou, terwyl deelnemende organisasies met diverse strukture, kulture en gerighthede, saamgesmee word om die geïdentifiseerde doelwit na te streef. Dit is `n groot opdrag!

Daar is ook ander redes waarom die behoefte aan heeltydse funksionarisse vir die bestuur van projekte groei. Diensorganisasies wat vrywilligers gebruik, ontdek dat vrywilliger programme deeglik bestuur moet word. Statistiek wys dat vrywilligers gemiddeld vir `n tydperk van drie jaar beskikbaar is en daarna belangstelling verloor. Met die oog op volhoubaarheid van projekte, is die kategorie bestuurder, koördineerder, skakelpersoon van hierbo, klaarblyklik `n moet.

Binne dié raamwerk word gemeentes opgeroep tot `n andersoortige rol, waarin die woordjie "ons" nie net na my gemeente of denominasie verwys nie. Die klem verskuif na `n span benadering waarin deelname en diens belangriker waardes is as eie inisisatief en beheer. Dit behels die rol van vrywillige betrokkenheid by projekte wat deur ander geïnisieer word. Die vraag is of gemeentes en kerke dié rol wil vervul, met die doel om die nood in die wêreld te verlig.

**Die noodsituasie daag kerke uit om gevestigde strukture aan te pas en individue om meer buigsaam te wees. Dit vra `n besef dat dinge ook op ander wyses gedoen kan word,...**

**Die vraag is of gemeentes en kerke dié rol wil vervul, met die doel om die nood in die wêreld te verlig.**